


HOOFSTUK 4

4.0.0. GEDIGTE WAT OOR DIE LEWE VAN DIE DIGTER HANDEL

4.1.0. INLEIDING

Die Raditladi-familie is deel van die koninklike familie van die Bangwato. Raditladi was die seun van Sekgoma I by 'n ondergeskikte vrou. Hoewel hy 'n ondergeskikte prins was, het hy die ideaal gekoester om die koning van die Bangwato te word. Sy vader Sekgoma I was self 'n ondergeskikte prins wat koning geword het.

Hier volg 'n gedeelte van die geslagregister (Schapera 1965:186 en Benson 1960:bylaag) van Sekgomo I:



Kgama III het die Duitse sendelinge toegelaat om onder hulle te gaan werk. Hy het heidense rites soos reënmaak (moroka) en die betaling van 'n bruidsprys (bogadi) afgeskaf. Hy het die Europese drank uit sy gebied geweier. Hy het so onpopulêr geword, dat sy halfbroers, Mphoeng en Raditladi as gevolg hiervan van hom weggebreek het (Schapera 1965:201). Raditladi het die koning van Malwelamotse geword. In Sekgomo III se prysgedig, word na hierdie gebeurtenis verwys.

"Naa ga Raditladi, o batla bofe bogosi"

(Raditladi, watter koningskap wil jy hê) (Schapera 1965:215)

Hierdie stryd om die koningskap is deur sy seuns en kleinseuns voortgesit. Toe Kgama III te sterwe kom, wou Raditladi se seun Disang hom as regent opvolg, maar Tshekedi Kgama het hom verdryf. In 1939 is Disang en sy seun Leetile (die digter) weer deur hom verdryf. Hierdie groep gedigte handel hoofsaaklik oor hierdie tydperk.

4.2.0. ROBALA NGWANAKA / SLAAP MY KIND

4.2.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hier eksperimenteer die digter so met rym dat die semantiese aspekte agterweë gelaat word. Aan die einde van elke strofe, is daar 'n refrein wat die indruk wek dat die digter met 'n lied of ballade as digvorm eksperimenteer. Dit bevat nie beeldspraak nie.

4.3.0. MOTLHOKAGAE / IEMAND SONDER TUISTE

4.3.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig handel veral oor die tydperk gedurende die digter se ballingskap. Dit spreek van die eensaamheid van die vlugteling, maar ook van sy bravade as hy op die trein is.

Die gedig bestaan uit sewe strofes van sewe versreëls. In die eerste strofe sê die digter dat hulle moet luister na wat hy sê.

In die tweede strofe vertel hy dat sy hart seer is en dat hy gedurig besig is om, om te kyk.

Die derde strofe handel oor die moordenaars wat die verteller (digter) verjaag het.

Die vierde strofe handel oor eensaamheid langs die pad, nadat hy uit die land gevlug het.

In die vyfde strofe vlug hy met die trein. In sy bravade daag hy sy vyande uit om hom te vang.

In die sesde strofe word die treinreis volledig beskryf.

In die sewende strofe sê hy dat hy sy tuiste weer sal sien.

Die gevoel van verlatenheid word deur die vlug en die geroep van die verteller beklemtoon.

"ke tla duma"	ek sal dreun/roep/brul
"ke bolailwe"	ek is doodgemaak
"ya lela"	hy het toe gebulk

4.3.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor verskuil, fokus, mediator en komparatief

VOORBEELD

VERTALING

- | | |
|---|--|
| 1. "ko re ke gadima fela
jaaka kgatla" | ek het soos 'n aap omgekyk |
| 2. ke tsamaile nosi jaaka
lenong marung" | ek het alleen geloop (gevlieg) soos 'n
aasvoël in die wolke |

B. Tenor verskuil

- | | |
|--------------------|---|
| 1. kgomo ya Makgoa | Letterlike vertaling: bees van die Blankes
Vrye vertaling: trein |
|--------------------|---|

4.3.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

4.3.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Ke tsamaile mosi jaaka lenong marung"

Ek het alleen geloop soos 'n aasvoël in die wolke. (vergelyk p 33-34).

A. Funksionele raamwerk

Ke tsamaile nosi jaaka	lenong	marung
A raam	B fokus	C bolster

Die tenor is die voornaamwoord nna; ke tsamaile nosi die mediator; lenong die fokus en marung die bolster.

B. Strukturele raamwerk

S	→	werkwoordgroep
	→	werkwoord + bywoord + komparatiewe betrekkingwoord = groep +
	→	gesegde + deskriptiewe bepaling + deskriptiewe bepaling + deskriptiewe bepaling

C. TG

S	→	VP
	→	V + N + B + N + N + B
	→	V + N + BP + BP
	→	b + m + ko + l

Die reëloorskryding binne die inherente eienskappe is op die menslike en dierlike vlak. Die fokus "hnd" (motho) het [+menslik] en [-dierlik] as inherente eienskappe, terwyl "lenong" [-menslik] en [+dierlik] is. Die reëloorskryding binne die TGG word dus in die menslike en dierlike eienskappe verteenwoordig.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die sender voel eensaam. Hierdie eensaamheid stimuleer hom om hierdie beeldspraak te skep. Eensaamheid word onder emosies geklassifiseer (vergelyk p 24).

2. Parallelisme

Die digter merk dat hy en die aasvoël besig is om te beweeg. Hierdie beweging vorm die parallelisme wat die beeldspraak stig. Volgens die bespreking op p 24 word beweging as 'n handeling geklassifiseer.

3. Origo

Die origo van die fokus "lenong" is deel van die geskape werklikheid en word onder die natuur geklassifiseer (vergelyk p 26).

4. Konteks

Die parallelisme word so eksplisiet deur die konteks uitgespel dat die beeld byna al sy waarde as beeldspraak verloor het. Dit is so eksplisiet dat dit byna geen aanspraak op die kognitiewe vermoë van die mens maak nie.

5. Buitetaalse gegewens

Die ontvanger moet weet dat 'n aasvoël eensaam op die hoë lugstrome sweef op soek na dooie diere.

6. Situasia

Die situasie word eksplisiet in die konteks weergegee.

7. Begripstruktuur

Die vlugteling stap eensaam oor die veld (vergelyk p 37).

E. Funksie

Die beeldspraak het verduideliking as primêre funksie, terwyl versiering 'n belangrike sekondêre funksie is.

F. Evaluering

Hierdie voorbeeld is baie swak beeldspraak omdat dit te eksplisiet is.

4.3.3.2. Voorbeeld met vertaling

"kgomo ya Makgoa"

Letterlike vertaling: bees van die Blankes

Vrye vertaling: 'n trein

A. Funksionele raamwerk

kgomo	ya Makgoa
fokus	bolster

Uit die makrokonteks is dit duidelik dat die tenor 'n trein, die fokus die naamwoord "kgomo" en die bolster "ya Makgoa" is.

B. Strukturele raamwerk

naamwoordgroep → naamwoord + possessiewe betrekkingwoordgroep
 → antesedent + kwalifikatiewe bepaling

C. TG raamwerk

NP → N+BP

→ an+q

"Trein" het die inherente eienskappe [-lewend] en [-dierlik], terwyl "kgomo" [+dierlik] en [+lewend] is. Die reëloorskryding binne die TGG is in die inherente eienskappe dierlik en menslik geleë.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die waarneming van die trein prikkel die sender om die beeldspraak te skep (vergelyk p 24).

2. Parallelisme

Die krag van die trein en die bus vorm die parallelisme wat tot die vorming van die beeldspraak lei. Volgens p 24-25 word krag as 'n eienskap geklassifiseer.

3. Origo

Die origo van die fokus "bees" is 'n deel van die natuur (vergelyk p 26 + 44).

4. Konteks

Uit die konteks is dit duidelik dat die tenor "trein" is.

5. Buitetaalse gegewens

Die ontvanger moet weet dat die lokomotief die passasierswaens trek soos die osse 'n wa.

6. Situasia

Die situasia word eksplisiet in die konteks weergegee.

7. Begripstruktuur

Die stadige bees word deur die vinnige en sterk trein vervang (vergelyk p 37-38 en 48).

E. Funksie

Die beeldspraak het konsentrering as 'n primêre funksie.

F. Waardering

Dit is 'n voorbeeld van swak beeldspraak, omdat die parallelisme letterlik is.

4.3.4. PROMINENTE KENMERKE

4.3.4.1. Tabulering van die beeldspraak

Die beeldspraak in die gedig word in tabel 9 op p 122 saamgevat.

4.3.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus is in twee gevalle 66,7% inemosie en in een geval 33,3% in 'n handeling geleë (vergelyk p 51).

2. Parallelisme

Die parallelisme is in twee gevalle 'n handeling en in een geval in eienskappe geleë (vergelyk p 51).

3. Origo

Die origo van die fokus is in al die gevalle aan die natuur ontleen.

4. Konteks

Beelde word dikwels binne die konteks afgebreek, sodat dit geen beeldspraak meer kan wees nie.

TABLE 9

BEELDSPRAAK IN	Tenor en fokus	Konteks Situasi Buitestaalse gegewens	Matrjks								Reëloor= skryding binne TGG	Stimulus	Parallellisme	Origo	Funksie	Evaluering
Voorbeeld met vertaling			konkreet	temporeel	stotlik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik						
ko re ke gadima fela jaaka kgatla (ek het soos 'n aap omgekyk)	nna	motho	+	+	+	+	+	+	+	+		emosie	handeling	natuur	verduideliking	baie swak
ke tsamaile nosi jaaka lenong marung (ek het alleen gelloop (gevlieg) soos 'n aas= voël in die wolke)	kgatla nna	motho	+	+	+	+	+	+	+	+		emosie	handeling	natuur	verduideliking	baie swak
kgomo ya Makgoa (bees van die blankes)	lenong verskuil kgomo	trein	+	+	+	+	+	+	+	+		waarneming	eienskap	natuur	verduideliking	swak

In "Ke tla duma jaaka segwana sa phefo" (ek dreun soos 'n windkalbas) is die stimulus in die noodkreet, die handeling geleë, terwyl die parallelisme, naamlik die aanhoudende gedreun, oon in 'n handeling geleë is. Hieruit tree reeds die swakheid in die beeld na vore, maar dit kan tog as beeldspraak beskou word as dit in isolasie gesien is. As daar na die volgende twee verse gekyk is, is dit duidelik dat die funksie van die beelde versiering is, met die gevolg dat die drie beelde in die konteks die parallelisme in plaas van die fokus verduidelik.

"Ke tla duma jaaka segwana sa phefo,
Kgotsa ke duma fela jaaka bottole,
Ke kurutla jaaka diphuka tsa phofo."
(Ek sal dreun soos 'n windkalbassie,
Of dreun net soos 'n bottel,
Ek suis soos vlerke in vlug."

Die parallelisme, naamlik die aanhoudende gedreun, word in elk van die drie verse weergegee. Daar word geen reël binne die TGG oorskry nie (vergelyk p 53).

5. Buitetaalse gegewens

Die leser moet bekend wees met die natuur om die beeldspraak in die gedig te verstaan (vergelyk p 53).

6. Situasië

Die situasie speel 'n ondergeskikte rol in die gedig.

7. Begripstruktuur

Die gedig het op die semantiese vlak misluk. Die strofes bestaan uit losstaande beelde waarin daar geen duidelike gedagtegang is nie. Die laaste strofe is die beste in die gedig, omdat dit semanties meer bevredig as ander. Na al sy ervarings, vind die swerweling sy rus in die dood. Die dood word sy enigste tuiste. Hierdie beeldspraak slaag ook nie op die sekondêre semantiese vlak nie, omdat die parallelisme in plaas van die fokus uitgebrei word. Die gedig bevat slegs drie voorbeelde van beeldspraak, waarvan twee so eksplisiet is, dat dit nie 'n deel van goeie letterkunde kan wees nie (vergelyk p 54).

C. Funksie

Al die beeldspraak in die gedig het 'n verduidelikende funksie.

D. Evaluering

Die beeldspraak in die gedig wissel van swak tot baie swak.

Die grootste verdienste van hierdie gedig is daarin geleë dat die digter weggedoen het met die tradisionele digvorm en begin eksperimenteer het met moderne tegnieke.

4.4.0. MORATWA YO O TLHADILWENG / 'N GELIEFDE WAT VERLAAT IS

4.4.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Terwyl die digter in 1936 aan Fort Hare studeer het, het sy egskeiding plaasgevind. Tshekedi Kgama het hom gedwing om terug te keer na Botswana. In hierdie gedig snik hy sy hartseer uit oor die vrou wat hom verlaat het (Jahn et al: 328-329).

Die gedig bestaan uit vyf strofes wat elk agt versreëls bevat.

In die eerste strofe word die sender se smart by die huis uitgebeeld.

In die tweede strofe beeld hy sy reaksie teenoor mense uit. Die smart wat hy na die vernedering ondervind, word veral beklemtoon in "O tsamaile le phologolo ya nare". (Sy het saam met 'n wilde buffel gegaan).

In die derde strofe stort hy sy woede teenoor albei uit. Hoewel hy hulle optrede met die van wilde diere vergelyk, bly hy hoop dat sy sal terug kom.

In die vierde strofe verval hy in selfbejammering. Hy het in sy eie gedagtewêreld versink, maar sy "menomašweu" (wit tande) tree telkens as die oorheersende gedagte na vore. Hoewel hy haar en haar minnaar se optrede haat, bly hy hoop dat sy sal terug kom.

Hy vind berusting in die laaste strofe, hoewel die skeiding onaangenaam is.

Die feit dat die sender deur sy geliefde verlaat is, word weerspieël deur die verbittering wat uit die konteks spreek.

phologolo ya nare	wilde buffel
semunu	stomme

Sy liefde vir haar word nie deur die egskeiding vernietig nie.

thakadu	erdvark/vlytige
moratwa wa me	my geliefde/liefeling
menomašweu	wit tande

Hierdie gedig is 'n mengsel van liefde en haat. Liefde teenoor sy vrou en haat teenoor die man wat haar van hom weggeneem het.

4.4.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor verskuil

VOORBEELD	VERTALING
1. "thakadu"	erdvark
2. "phologolo ya nare"	'n wilde buffel
3. "photsane"	duikertjie

4.4.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

Om onnodige herhaling te voorkom is die voorbeelde wat struktureel ooreenkom saamgegroepeer. Slegs een voorbeeld uit elke groep word hier bespreek.

4.4.3.1. Voorbeeld met vertaling

"thakadu"
erdvark (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

thakadu
fokus

Die tenor is "moratwa" wat in die titel verskuil is, terwyl "thakadu" die fokus is.

B. Strukturele raamwerk

naamwoord → onderwerp

C. TG raamwerk

N → a

Die tenor "moratwa" het [+menslik] en [-dierlik] as inherente eienskappe terwyl "thadadu" [-menslik] en [+dierlik] is. Die reëloorskryding binne die TGG is dus in die inherente eienskappe menslik en dierlik gesetel.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus van die beeldspraak is aan die menslike emosie ontleen (vergelyk p 23+24).

2. Parallelisme

Die parallelisme van die beeldspraak is persoonlike deugde of eienskappe (vergelyk p 24+25).

3. Origo

Die origo van die fokus is aan die natuur ontleen.

4. Konteks

Die gedig begin met die prysnaam "thakadu", maar dit sal inlees wees as daaruit afgelei word dat sy 'n lid van die Thakadustam is. Die betekenis van die woord moet eerder in fluks, as haar prominente persoonlikheidseienskap gesoek word.

5. Buitetaalse gegewens

Tradisioneel word die erdvark as 'n fluks dier voorgestel. Hierdie prysnaam "thakadu" slaan dus op 'n fluks vrou.

6. Situasië

Die digter skryf hierdie gedig om sy smart oor 'n verlore geliefde uit te beeld. Die situasie word in die konteks weergegee.

7. Begripstruktuur

Die digter verlang na sy goeie fluks vrou.

E. Funksie

Die beeldspraak het 'n konsentreringsfunksie.

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van redelike beeldspraak.

4.4.4. PROMINENTE KENMERKE

- 4.4.4.1. Tabulering van die eienskappe van die gedig
Vergelyk tabel 10 op p 127.

Voorbeeld met vertaling	Tenor en fokus	Konteks Situasië Buitestaalse gegewens	Matrys										Reëlloor= skryding binne TGG	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evaluering	
thakadu (erdvark)	verskuil	vrou	konkreet	+	-	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik	emosie	eienskap	natuur	konsentrerering	redelik
			temporeel	-	+	-	-	-	-	-	-	-	-	-					
phologolo ya nare (n wilde buffel)	verskuil	man	stoflik	+	+	-	-	+	+	-	-	-	-	menslik	emosie	eienskap	natuur	konsentrerering	baie swak
			voorwerp	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-					
photosana (duikerjies)	verskuil	vrou	versameling	-	-	+	+	-	+	-	-	-	-	menslik	emosie	eienskap	natuur	konsentrerering	baie swak
			lewend	+	+	-	-	-	-	-	-	-	-	-					
	photosana		menslik	+	+	-	-	+	-	-	-	-	-	dierlik					
			dierlik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			ding	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			goddelik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			lokatief	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						

4.4.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

In 100% van die gevalle is die stimulus vir die vorming van die beeldspraak 'n emosie (vergelyk p 64 en tabel 10 p 127).

2. Parallelisme

Die parallelisme is in al drie die gevalle 'n eienskap of persoonlike deug (vergelyk tabel 10 p 127 en p 64).

3. Origo

Die origo van die fokus is in al drie die gevalle uit die natuur geneem.

4. Konteks

Die gedig misluk op die semantiese vlak. Die parallelisme word in die konteks herhaal.

5. Buitetaalse gegewens

Die digter se egskeiding vorm die konteks waarteen die gedig afspeel. Baie van die relevante gegewens word eksplisiet in die konteks weergegee.

6. Situasië

Die situasie word deur die konteks van die gedig geskep, met die gevolg dat dit nie 'n positiewe bydrae tot die skepping van die beeldspraak kan lewer nie.

7. Begripstruktuur

Omdat die gedig op die semantiese vlak misluk, misluk die beeldspraak ook in die begripstruktuur (vergelyk p 54).

B. Funksie

Hoewel al drie die voorbeelde van beeldspraak konsentring as hoof funksie het, het hulle ook versiering as belangrike sekondêre funksie.

C. Evaluering

Op grond van die feit dat die gedig en beeldspraak op die semantiese vlak misluk en dat die voorbeelde van die beeldspraak 'n versieringsfunksie het, bring mee dat 66,7% daarvan baie swak is.

4.5.0. SELELO SA MORATI / DIE GEHUIL VAN DIE GELIEFDE

4.5.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig handel oor die digter se hartseer na die verlies van 'n geliefde. Dit moet saam met MORATWA YO O TLHADILWENG gelees word, omdat beide oor sy egskeiding in 1936 handel (Jahn et al. 1972: 328-329).

In hierdie gedig tree die rym ten koste van die semantiese inhoud van die gedig op die voorgrond. Dit wil voorkom asof die digter probeer om mooi te skryf deur beelde wat nie beeldspraak is nie, te gebruik. Hy gebruik gekke terme om die werk te versier byvoorbeeld "Kwa loagong lole lwa bašwi le badimo" (Daar in die gebou van die dooies en voorvaders).

Hiermee verwys hy slegs na die berge. Daar is geen reëllooskryding binne die TGG nie, daarom kan bogenoemde voorbeeld hoogstens as 'dooie beeldspraak' beskou word. Uit die konteks is dit duidelik dat die son agter die dooies se huis (die berg) ondergaan.

In die eerste strofe word die sonsondergang agter die berg geskets. Die tweede strofe handel oor die skoenlappers wat die blomme besoek. In die derde strofe word die menslike bedrywighede in Serowe beskryf. Die verlore bruidskat word in die vierde strofe beskryf. In die vyfde strofe word die voorkoms van sy vrou beskryf. Sy trane en hartseer word in die sesde strofe beskryf.

4.5.2. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

Omdat hier net een voorbeeld van beeldspraak in die gedig is, word hier nie 'n opsomming van die prominente kenmerke daarvan gegee nie.

4.5.2.1. Voorbeeld met vertaling

"lenong la tloga"

die aasvoël gaan (vlieg) toe weg

A. Funksionele raamwerk

lenong	la tloga
fokus	bolster

Die verskuilde tenor is 'n mens, terwyl die fokus "lenong" is. Die bolster is die werkwoord "lenong".

B. Strukturele raamwerk

S	→	lenong	la tloga
	→	naamwoord	werkwoord
	→	onderwerp	gesegde

C. TG raamwerk

S ———> N+V
 ———> a+b

Aanvullend tot die kategoriale leksikale kenmerke moet daar ook aandag gegee word aan die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale items.

Die tenor "motho" het [+menslik] en [-dierlik] as inherente eienskappe, terwyl die fokus "lenong" [-menslik] en [+dierlik] is.

Die reëloorskryding van die TGG is dus in die inherente eienskappe menslik en dierlik opgesluit.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Hartseer stimuleer die digter om die beeldspraak te skep.

Volgens p 23-24 word hartseer as 'n emosie geklassifiseer.

2. Parallelisme

Die parallelisme is in die handeling "la tloga" opgesluit (vergelyk p 24+25).

3. Origo

"Lenong" is 'n deel van die geskape werklikheid en is as sodanig deel van die natuur (vergelyk p 25-27).

4. Konteks

Die parallelisme word eksplisiet deur die konteks weergegee.

Hierdeur word die waarde van die beeldspraak verlaag.

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word eksplisiet deur die konteks van die gedig geskets.

6. Situasië

Die situasie word eksplisiet deur die konteks geskep.

7. Begripstruktuur

In die lig van die ander semanties ondersteunende aspekte, is dit duidelik dat die digter sy geliefde beween.

E. Funksie

Die beeldspraak het konsentrering as primêre- en versiering as belangrike sekondêre funksie.

F. Waardering

Hierdie is 'n voorbeeld van baie swak beeldspraak omdat:

- (i) die parallelisme in die konteks herhaal word;
- (ii) dit versiering as belangrike sekondêre funksie het.

4.6.0. BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

'MOTLHOKAGAE' en 'MORATWA YO O TLHADILWENG' bevat enkele voorbeelde van beeldspraak, maar daar is ook beelde wat net vir versiering aangewend is. 'SELELO SA MORATI' en 'ROBALA NGWANAKA' misluk byna heeltemal op die semantiese vlak.

4.6.1. TABULERING VAN DIE EIENSKAPPE VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Vergelyk tabel 11 p 132.

4.6.2. BESPREKING VAN DIE TABEL

A. Funksionele en strukturele raamwerk

Die tenor is in sewe (100%) van die gevalle 'n naamwoord wat teenwoordig is. Die fokus is in sewe (100%) van die gevalle 'n naamwoord (vergelyk p 80).

B. TG raamwerk

Die enigste reëloorskryding binne die TGG word deur die volgende inherente kenmerke weerspieël:

(i) lewend	1	6,7%
(ii) menslik	6	40,0%
(iii) dierlik	7	46,7%
(iv) ding	1	6,7%

Die TG raamwerk dui daarop dat die beeldspraak in die groep swak is.

C. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Emosie is die belangrikste (85,7%) stimulus van die beeldspraak.

2. Parallelisme

Die parallelisme van die beeldspraak is in 42,9% van die gevalle 'n handeling, terwyl dit in 57,1% van die gevalle 'n deug of eienskap is (vergelyk p 44 en 80).

OPSOMMING VAN DIE BEELDSPRAAK IN GEDIGTE WAT OOR DIE LEWE VAN DIE DIGTER HANDEL.										TABEL 11
	verskuil	Tenor								
	teenwoordig									
	[N]									
	[V]									
		Fokus								
	[N]									
	[V]									
	konkreet									
	temporeel									
	stoflik									
	voorwerp									
	versameling									
	lewend									
	menslik									
	dierlik									
	ding									
	goddelik									
	lokatief									
	waarneming									
	eienskap									
	emosie									
	handeling									
	handeling									
	eienskap									
	waarneming									
	emosie									
	natuur									
	kultuur en									
	lewensbeskouing									
	emosie									
	eienskap									
	konsentrering									
	verryking									
	verduideliking									
	versiering									
	baie goed									
	goed									
	redelik									
	swak									
	baie swak									

3. Origo

In al die gevalle is die origo van die fokus uit die natuur geneem (vergelyk p. 80 en tabel 11 p. 132).

4. Konteks

Die konteks van die gedig het 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak in die groep, omdat die parallelisme dikwels daarin herhaal word (vergelyk p. 81).

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word dikwels eksplisiet in die konteks weergegee (vergelyk p. 81).

6. Situasië

Die situasie word eksplisiet in die konteks geskets (vergelyk p. 81).

7. Begripstruktuur

Die begripstruktuur van die beeldspraak in hierdie groep misluk, omdat die TG raamwerk, die parallelisme, konteks, buitetaalse gegewens en situasie misluk het (vergelyk p. 82).

D. Funksie

Hoewel die primêre funksie konsentrering (57.1%) en verduideliking (42,9%) is, misluk die beeldspraak in hierdie groep ook, omdat dit versiering as 'n belangrike sekondêre funksie het.

E. Evaluering

Nadat die funksie van elke individuele voorbeeld van beeldspraak geïdentifiseer is, kan die beeldspraak in die groep beoordeel word.

Redelike beeldspraak	1	14,3%
Swak beeldspraak	1	14,3%
Baie swak beeldspraak	5	71,4%

In die lig van hierdie waardering is dit duidelik dat die beeldspraak in hierdie groep gedigte misluk.

Voordat die groep as waardeloos afgemaak word, moet die feit genoem word dat dit eksperimentele gedigte is. Die digter het met die Europese digvorme en tegnieke geëksperimenteer. Hierdeur het hy die weg voorberei vir ander.

HOOFSTUK 5

5.0.0. NATUURGEDIGTE

5.1.0. INLEIDING

Hierdie groep vorm 'n losse versameling wat ruweg as natuurgedigte beskryf kan word. In hierdie groep gedigte, besing die digter die land, see, dorp, reën en die winter. Hierdie groep het die natuur of geskape werklikheid as gemeenskaplike faktor.

'AFERIKA', 'FATSHE LA BATŠWANA' en 'LENAGA' handel oor die land, sy plantegroei, diere en mense.

'THAMALAKANE' handel oor 'n klein dorpie en sy natuurlike omgewing.

'LEWATLE' handel oor die see.

'PULA' handel oor die reën. Dit vind aansluiting by die reënmaakseremonies.

'TAU', 'SEBATA', 'PHOLOGOLO YA ME' en 'SEBOTHO' handel oor diere in hulle natuurlike staat en hulle kontak met die mens.

'MARIGA' en 'SEETEBOSIGO' handel oor die winter en die uitwerking daarvan op plante, diere en mense.

5.2.0. AFERIKA

5.2.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig voldoen aan die vereistes wat Breed (1956:36) aan 'n pryslied stel. Afrika se mense, sy skoonheid en rykdom word besing. Omdat die titel 'n eienaam is, dien dit geen doel om die betekenisveld daarvan weer te gee nie.

Die eerste strofe handel oor die natuurskoon van Afrika.

In die tweede strofe word Afrika met 'n meisie vergelyk.

In die derde strofe word die natuurskoon beskryf.

Die vierde strofe handel oor die rykdom van die land.

Die laaste strofe skets die skoonheid van die land.

In hierdie gedig besing die digter die eienskappe van Afrika.

phologolo

wildsbok

gouta

goud

mosetsana

meisie

diruiwa

mak/geteelde diere

Die psigologiese betekenis van die gedig dui op die digter se liefde vir die land, maar ook op die veragting wat die Batswana te beurt val.

5.2.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor, fokus en komparatief teenwoordig

VOORBEELD

"lefatshe le ke
mosetsana"

VERTALING

hierdie land is 'n meisie

5.2.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

5.2.3.1. Voorbeeld met vertaling

"lefatshe le ke mosetsana"


Letterlike vertaling: hierdie land is 'n meisie (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

lefatshe	le ke	mosetsana
tenor	raam	fokus

Die tenor is die naamwoord "lefatshe"; die komparatief is die kopulatiewe werkwoord "ke" en die naamwoord "mosetsana" is die fokus.

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

S → N+PN+B+N
→ an+q+c
→ a+b

Aanvullend tot die kategoriale kenmerke moet daar ook aandag gegee word aan die inherente kenmerke van die tenor en fokus as leksikale item. "Mosetsana" het die volgende inherente kenmerke: [+menslik] en [-ding] terwyl "lefatshe" [-menslik] en [+ding] is. Die reëloorskryding binne die TGG is dus in die inherente eienskappe mens en ding gesetel.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die sender voel trots op sy land en sy mense. Hierdie trots stimuleer hom om beeldspraak te skep. Trots is een van die emosies (vergelyk p 24).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat die beeldspraak totstandbring (vergelyk p 24+25) is skoonheid wat 'n bepaalde eienskap van iets kan wees.

3. Origo

'n Meisie is deel van die geskape werklikheid en word, daarom onder die natuur geklassifiseer (vergelyk p 26).

4. Konteks

"Lefatshe le ke mosetsana" skep die verwagting dat daar in die strofe goeie beeldspraak sal wees, maar daar kom niks tereg van die verwagting nie. Hy brei die parallelisme verder uit

"Ntšwa fela a le mmala motšhwana" (Jammer net dat sy swart is.) Dit kan nie as beeldspraak beskou word nie, want dit is 'n uitbreiding van die parallelisme. Hierdie beelde word slegs as versiering gebruik.

"Selefera ké meno a gagwe" (Silwer is haar tande) kan die indruk wek dat dit beeldspraak is, maar dit is nog steeds 'n uitbreiding van die vorige kleurparallelisme. Hier eindig die versieringsfunksie van die beelde nie, want "Gouta ké marinini" (Goud is haar wange) en "Taemane dinala" (Diamant naels) beklemtoon albei die skoonheid van die meisie.

5. Buitetaalse gegewens

'n Kennis van Afrika is nodig om die beeldspraak in die besonder en, die gedig in die algemeen beter te verstaan. Hoewel sekere eienskappe van Afrika eksplisiet weergegee word, speel die buitetaalse gegewens tog 'n belangrike rol in die vorming en interpretasie van die beeldspraak in die gedig.

6. Situasië

Die natuurskoon van die land word hier met die skoonheid van die meisie vergelyk.

7. Begripstruktuur

Die land, sy mense en gesteldheid is 'n komplekse samestelling. Die samestelling word te eksplisiet uitgespel, daarom gaan 'n groot deel van die begripstruktuur verlore (vergelyk p 37-38).

E. Funksie

Die gegewens word te eksplisiet weergegee, daarom kry die beeldspraak later net 'n versieringsfunksie.

F. Evaluering

Die gedig bevat net een swak voorbeeld van beeldspraak. Die waarde van hierdie gedig moenie net in die beeldspraak gesoek word nie, maar ook in die feit dat dit 'n poging is om nuwe onderwerpe te ontgin.

5.3.0. FATSHE LA BATŠWANA / DIE LAND VAN DIE BATŠWANA

5.3.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

In die eerste strofe spreek die verteller sy verlange na die land uit. Die tweede strofe spreek van sy verlange na die statte en die danse wat hulle daar uitgevoer het.

In die derde strofe word die landbou besing.

Die jagtogte word in die vierde strofe besing.

In die laaste strofe word die verlange na die land met sy plante en diere uitgespreek.

Die digter se liefde vir sy land word duidelik in die konteks van die gedig weergegee. Hy noem die dinge waarvan hy hou.

phudufudu	steenbok
dikgweng	in die bosse
mabele	sorghum
mašwi a dikgomo	beesmelk
phofu	eland

5.3.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor verskuil

VOORBEELD

1. Pelo ya me e kwa
lefatsheng la
Batšwana

VERTALING

Letterlike vertaling: my hart is in die land van die Batšwana

Vrye vertaling: Ek verlang na die land van die Batšwana.

5.3.2.1. VOORBEELD MET VERTALING

"Pelo ya me e kwa lefatsheng la Batšwana."

Letterlike vertaling: My hart is in die land van die Batšwana.

Vrye vertaling: Ek verlang na die land van die Batšwana.

A. Strukturele raamwerk


Pelo ya me e kwa lefatsheng la Batšwana.

fokus bolster


Die tenor is in die verlange (naamwoord) geleë.

B. Strukturele raamwerk

NAAMWOORDGROEP



DEFINIEËRENDE KOPULATIEWE GROEP



S → onderwerp + definieërende kopulatiewe gesegde.

C. TG raamwerk

VP → V+B+N+B+N

→ V+BP+BP

→ c+q+q

→ b

S → NP+VP

→ a+b

Aanvullend tot hierdie skematiese voorstelling moet daar aandag gegee word aan die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale items.

"Verlange" het die volgende inherente eienskappe [+temporeel], [-konkreet], [-stoflik] en [-ding]. "Hart" daarenteen [+konkreet], [-temporeel], [+stoflik] en [+ding].

Die reëloorskryding binne die TGG het dus ten opsigte van die volgende inherente eienskappe: konkreet; temporeel; stoflik en ding plaasgevind.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die verlange na Botswana stimuleer die digter om beeldspraak te skep. Verlange word as emosie geklassifiseer (vergelyk p 23+24).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat die beeldspraak skep is in die eienskappe van die land geleë (vergelyk p 24).

3. Origo.

Die origo van die fokus is 'n deel van die menslike liggaam en as sodanig deel van die natuur (vergelyk p 25-27).

4. Konteks

Die beelde word in die konteks herhaal. "Pelo ya me" word vyf keer binne die bestek van twintig reëls gebruik. Hierdeur word die waarde van dié uitdrukking as beeldspraak vernietig.

5. Buitetaalse gegewens.

Die digter het groot tydperke in sy lewe buite Botswana gewoon.

6. Situasië

Uit die konteks is dit duidelik dat die digter na Botswana verlang.

7. Begripstruktuur

Die gedig in die algemeen en die beeldspraak in die besonder spreek van die digter se liefde vir sy land.

E. Funksie

Hierdie beeldspraak het konsentrering as primêre funksie.

F. Evaluering

Hierdie gedig bevat net een baie swak voorbeeld van beeldspraak.

Die gedig bevat baie onnodige herhaling. "Pelo ya me" (My hart) word vyf keer binne die bestek van twintig versreëls gebruik.

"Mašwi a elelang jaaka metse" (Die melk wat soos water vloei) kan volgens die tradisionele benaderingswyse as beeldspraak beskou word, maar dit is nie. Die volgende uiteensetting dui dit aan.

mašwi a a elela	die melk vloei
metsi a a elela	die water vloei

In die lig van bogenoemde voorbeeld is dit duidelik dat daar geen reëloorskryding binne die TGG plaasgevind het nie. Die voorbeeld kan nie as beeldspraak geklassifiseer word nie. Om die saak te vererger, word "mašwi" in die volgende versreël herhaal.

Die gedig misluk op die semantiese vlak omdat die digter te veel herhaling gebruik, die parallelismes uitbrei en die versierings=funksie gebruik. Die eienskappe van beeldspraak word byna ook in hierdie geval deur onnodige herhaling vernietig.

5.4.0. LENAGA / VELD

5.4.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

In hierdie gedig word die veld besing. Dit handel veral oor die bome, reën en diere.

In die eerste strofe word die bome in die veld besing.

Die tweede strofe besing die herfs.

In die derde strofe word die rivier beskryf.

Die vierde strofe handel oor die voëls van die veld.

Die vyfde strofe beskryf ook die voëls van die veld.

In die sesde strofe word daar na die oorsprong van die veld gevra.

Die skepping word in die sewende strofe gelyk gestel aan die Boek van die Here.

Die digter se liefde vir die veld blyk uit die konteks van die gedig.

tlhare tse dikgolo	die groot bome
phologolo	wildsbok
noka	rivier
serurubele	skoenlappers/motte
go utlwala melodi	daar word 'n gefluit gehoor
thaga	vink
dinonyane	voëls
mebalamegolo	baie kleure/kleurvol

5.4.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

VOORBEELD

VERTALING

"ka gasagasa
matlho"

Letterlike vertaling: ek het toe die oë gesaai-saai

Vrye vertaling: ek het toe rondgekyk

5.4.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

5.4.3.1. Voorbeeld met vertaling

"ka gasagasa matlho"

Letterlike vertaling: ek het toe die oë gesaai-saai

Vrye vertaling: ek het toe rondgekyk (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

ka gasagasa matlho

tenor fokus

Die tenor is die werkwoord "gasagasa" en die fokus is die naamwoord "matlho".

B. Strukturele raamwerk

S → werkwoord + naamwoord

→ gesegde + voorwerp

C. TG raamwerk

S → VP

→ V+N

→ b+o

Aanvullend tot die skematiese voorstelling moet daar ook aandag gegee word aan die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale items. Die werkwoord "-gasa" verbind met 'n naamwoord wat [-dierlike], [-menslik] en [-ding] is, maar "matlho" is [+dierlik], [+menslik] en [+ding].

Die reëloorskryding binne die TGG is dus in die inherente eienskappe dierlik, menslik en ding opgesluit.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus van die beeldspraak is in die sinuiglike waarneming van die digter geleë (vergelyk p 23+24).

2. Parallelisme

Wanneer 'n boer besig is om te saai, versprei die saad oor die hele land. Die mens se oë neem dinge voor hom waar soos wat daar gesaai word (vergelyk p 24).

Die tradisionele reënlied was 'n integrale deel van die reënmaakseremonies, Schapera(1971) het hierdie seremonies by die Batswana volledig bespreek. Omdat dit op die periferie van hierdie studie lê, word slegs 'n uittreksel uit so 'n pryslied aangehaal.

"Kololo a ee, e ka ka ya komakoma,
Kgomo tsa moroka di letse di sa nwa."

(Los die klipspringer en mag die reën drup
die reënmaker se beeste het gister nie gedrink nie.) (Schapera 1971:120)

Die logiese betekenisveld van die titel dui op 'n bui reën, terwyl die psigologiese betekenisveld ook die Batswana se geloof in die reënmaakseremonies insluit.

Die eerste strofe handel oor die weer wat opsteek. Die weer word met 'n koei vergelyk.

Die tweede strofe handel oor die donder en blitse in die weer. Die gerammel word met gewere wat vuur, vergelyk.

In die derde strofe word die begin van die bui beskryf.

Die vierde strofe handel oor die reënbui en die seën wat dit inhou.

Die vyfde strofe spreek van die dankbaarheid oor die reën.

Die gedig slaag op die semantiese vlak. Dit vorm 'n hegte eenheid.

Hierdie gedig is 'n idiosinkratiese samestelling van die tradisionele en die Westerse siening van die reën. Die Christelike invloed is duidelik uit die feit dat daar nie na die reënmaakseremonie verwys word nie, maar dat die reënbui in terme van elemente uit bogenoemde seremonie beskryf word. "Kgomo ya rre e lela" (Vader se koei bulk) is so 'n voorbeeld.

5.7.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor verskuil

- | | |
|---|---|
| 1. "kgomo ya ga rre
e lela" | Letterlike vertaling: pa se bees bulk
Vrye vertaling: die weer dreun |
| 2. "mašwi a yone a
tletse dithobeng" | Letterlike vertaling: haar spene is vol melk
Vrye vertaling: die weer is dik |
| 3. "namane ya legodimo" | Letterlike vertaling: die kalf van die hemel. |

5.7.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

5.7.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Namane ya legodimo"

Letterlike vertaling: Kalf van die hemel. (vergelyk p 33+34)

A. Funksionele raamwerk

namane	ya legodimo
fokus	bolster

Die verskuilde tenor is die naamwoord "wolk".

B. Strukturele raamwerk

Naamwoordgroep → naamwoord + possessiewe betrekkingwoord
+ naamwoord

→ antesedent + kwalifikatiewe bepaling

C. TG raamwerk

NP → N+BP

→ an+q

Aanvullend tot die sintaktiese seleksiereëls is dit nodig om die inherente kenmerke van die tenor en fokus as leksikale items te beskryf.

Die "wolk" het die volgende inherente eienskappe $[-\text{lewend}]$, $[-\text{dierlik}]$ en $[+\text{ding}]$, terwyl "namane" $[+\text{lewend}]$, $[+\text{dierlik}]$ en $[-\text{ding}]$ het. Die reëloorskryding binne die TGG het dus ten opsigte van die volgende inherente eienskappe plaasgevind: lewend, dierlik en ding.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus wat tot die totstandkoming van die beeldspraak lei is die opgewondenheid oor die reën. (Volgens die beskrywings op p 23 - 24 is opgewondenheid 'n emosie).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat tot die vorming van beeldspraak lei is ontleen aan die tradisionele waarde wat die Batswana aan die reën toegedig het (vergelyk p 44).

3. Origo

'n Kalf is deel van die geskape werklikheid en moet dus as deel van die natuur beskryf word (kyk op p 25-27).

4. Konteks

Binne die konteks van die gedig is dit duidelik dat die kalf na reënwolke verwys.

5. Buitetaalse gegewens

Binne die reënmaakseremonies word die reën en wolke altyd met 'n bees of kalf geassosieer.

6. Situasie

Die wolke pak saam en word groter om eindelijk 'n donderstorm te vorm. Hierdie gedig speel tydens die opbou van so 'n storm af.

7. Begripstruktuur

Die reën stort met al die seën wat dit meebring op die aarde neer.

E. Funksie

Die beeldspraak het 'n konsentreringsfunksie (vergelyk p 38).

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van goeie beeldspraak, omdat

- (i) die tenor en fokus semanties baie verskil;
- (ii) die parallelisme daarin slaag om 'n hegte band tussen die tenor en fokus te lê (vergelyk p 45).

5.7.4. PROMINENTE KENMERKE

5.7.4.1. Tabulering van die beeldspraak

Kyk na tabel 12 op p 146.

5.7.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

In al drie die gevalle is die stimulus 'n emosie (vergelyk p 23+24).

2. Parallelisme

Die parallelisme is daardie gemeenskaplike semantiese aspek wat tot die vorming van beeldspraak lei. Die parallelismes in die gedig is só verdeel:

Eienskap	2	66,7%
Handeling	1	33,3%

(vergelyk p 51)

3. Origo

Die origo van die fokus is in al die gevalle uit die natuur geneem (vergelyk p 51).

Voorbeeld met vertaling	Tenor en fokus	Konteks Situatie Buitetaalse gegewens	Matrys										Reël= skryding binne TGG	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evaluering		
kgomo ya ga rre e lela (Pa se bees buik)	verskuil	reën	konkreet	+	-	+	-	-	-	-	-	+	-	-	lewend dierlik ding	emosie	eienskap	natuur	konsentring	goed
			temporeel	-	+	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			stoflik	+	-	+	-	-	-	-	-	-	-	-						
			voorwerp	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			versameling	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			lewend	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			menslik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			dierlik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			ding	+	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
			goddelik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-						
lokatief	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-								
mašwi	verskuil	reën	konkreet	+	-	+	-	-	-	-	-	+	-	lewend dierlik ding	emosie	eienskap	natuur	konsentring	goed	
			temporeel	-	+	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			stoflik	+	-	+	-	-	-	-	-	-	-							-
			voorwerp	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			versameling	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			lewend	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			menslik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			dierlik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			ding	+	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			goddelik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
lokatief	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-									
namane ya legodimo (die kalf van die hemel)	verskuil	wolk	konkreet	+	-	+	-	-	-	-	-	+	-	lewend dierlik ding	emosie	eienskap	natuur	konsentring	goed	
			temporeel	-	+	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			stoflik	+	-	+	-	-	-	-	-	-	-							-
			voorwerp	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			versameling	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			lewend	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			menslik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			dierlik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			ding	+	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
			goddelik	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-							-
lokatief	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-	-									
namane			+	-	+	-	-	-	-	+	-	-								

4. Konteks

Die konteks verhoog die gehalte van die beeldspraak omdat die parallelisme nie in die konteks van die gedig herhaal word nie (vergelyk p 53).

5. Buitetaalse gegewens

Die beeldspraak in die gedig vind aansluiting by die tradisionele reënmaakseremonies. Hierdie buitetaalse gegewens word nie in die konteks van die gedig herhaal nie, daarom het dit 'n positiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak (vergelyk p 53).

6. Situasia

Hierdie gedig speel in die reënseisoen af. Daarom word daar vlugtig na die reënmaakery verwys.

7. Begripstruktuur

Die beeldspraak beklemtoon die belangrikheid van reën in die lewe van die Batswana (vergelyk p 54).

E. Funksie

Die beeldspraak het konsentrering as funksie (vergelyk p 54).

F. Evaluering

Hierdie gedig het drie voorbeelde van goeie beeldspraak. Dit het die volgende eienskappe:

- (i) die tenor en fokus is semanties ver van mekaar;
- (ii) die ander semanties ondersteunende aspekte word nie deur die konteks verdwerg nie.

5.8.0. TAU / LEEU

5.8.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

In hierdie pryslied van die dier (Breed 1956:36) word die krag van die leeu besing.

Hierdie gedig bevat egter geen beeldspraak nie.

5.9.0. SEBATA / ROOFDIER

5.9.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

In hierdie pryslied van die dier (Breed 1956:36) word die krag van die roofdier besing. Die gedig bevat nie beeldspraak nie.

5.10.0 PHOLOGOLO YA ME / MY WILDSBOK

5.10.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

In hierdie gedig word verskillende wildsoorte besing. Dit bevat ook nie beeldspraak nie.

5.11.0. SEBOTHO / FLAP

5.11.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

In hierdie gedig word die voël se gewoontes beskryf. Dit bevat nie beeldspraak nie.

5.12.0. MARIGA / WINTER

5.12.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Uit die konteks van die gedig tree die eienskappe van die winter na vore.

phefotsididi	koue wind
Maungo a tlhare tsa rona kae?	Waar is ons bome se vrugte?
a re loma	(tande) dit byt ons
jaaka peolane	soos 'n swaweltjie

Die eerste strofe handel oor die suidewind.

In die tweede strofe word die koue winterwind bespreek.

Die koue vingers word in die derde strofe beskryf.

Die krag van die winterwind word in die vierde strofe geskets.

In die vyfde strofe word gevra waar die vrugte van die bome is.

Die verteller stel dit in die sesde strofe dat hy soos die swaeltjie die winter haat.

In die sewende strofe word die digter se ongeduld met die winter uitgespreek.

In die agste strofe jaag die digter die winter weg.

Die gedig bestaan uit losstaande gedagtes, daarom misluk dit op die semantiese vlak.

5.12.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

VOORBEELD

"Meno ao a gago
a re loma"

VERTALING

Letterlike vertaling: daardie tandes van
jou byt ons

5.12.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

5.12.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Meno ao a gago a a re loma"

Letterlike vertaling: Daardie tande van jou byt ons.


A. Funksionele raamwerk

Meno ao a gago a a re loma

fokus bolster

Die tenor (koue) is in die titel van die gedig verskuil, die fokus is "meno" terwyl "ao a gago a a re lema" die bolster is.

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

$S \longrightarrow NP + VP$ $S \longrightarrow VP$
 $\longrightarrow N+PN+BP+V$
 $\longrightarrow N+PN+B+PN+V$
 $\longrightarrow an+q+q+b$
 $\longrightarrow a+b$

Nadat die sintatiese seleksiereëls bestudeer is, is dit nodig om die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale items te beskryf.

"Koue" het die volgende inherente eienskappe [+temporeel], [-stoflik], [-voorwerp], [-lewend], [-menslik], [-dierlik] en [-ding], terwyl "meno" [-temporeel], [+stoflik], [+voorwerp], [+lewend], [+menslik] is.

Die reëloorskryding ten opsigte van die inherente eienskappe word dus in die volgende inherente kenmerke weerspieël: temporeel, stoflik, voorwerp, lewend, menslik, dierlik en ding.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die waarneming van die koue stimuleer die digter om die beeldspraak te skep (vergelyk p 23+24).

2. Parallelisme

Die vrees wat die sender vir die koue koester, vorm die parallelisme. Vrees word as 'n emosie geklassifiseer (vergelyk p 24+25).

3. Origo

Die origo van die fokus "meno" is die geskape werklikheid. Die geskape werklikheid word as 'n deel van die natuur beskou (vergelyk p 25-27).

4. Konteks

Die koue en die lyding wat daarmee gepaard gaan word eksplisiet in die konteks weergegee. Hierdeur verlaag die konteks van die gedig die waarde van die beeldspraak.

5. Buitetaalse gegewens

Die sender en ontvanger moet bewus wees van die ysige toestand wat in die winter in die halfwoestynggebiede soos Botswana heers.

6. Situasië

Die gedig speel in die winter af.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenis van die gedig slaan op die koue wat die inwoners gedurende die winter ervaar.

E. Funksie

Hierdie voorbeeld van beeldspraak het verduideliking as hoof funksie.

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van swak beeldspraak omdat die parallelisme in die konteks van die gedig herhaal word.

5.13.0. SEETEBOSIGO / JUNIE

5.13.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Uit die konteks kan baie eienskappe van Juniemaand afgelei word.

o tla gatsela	hy sal vrees
Dinko di tla	Die neuse sal loop
tšhologa lemina	
mmopamo	hongersnood
dinku di fula phefong	die skape wei in die wind
le lehumeng	(die veld) is in hongersnood
La ikgasa bosetlha	(die veld) saai homself met vaalheid
le menoto ya maoto	die tone aan jou voete

Die eerste strofe handel oor die mens se reaksie op die koue.

Die tweede strofe handel oor die pyn in die voete en bene.

Die derde strofe handel oor die reaksie van plante, diere en mense op die koue.

Die vierde strofe handel oor die veld wat al kaler word.

In die vyfde strofe verwarm die seuns hulle om die vuur.

In die sesde strofe word die vaalheid van die veld bespreek.

Die laaste strofe handel oor die veld wat na die winter weer sal bot.

5.13.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor verskuil

1. "(ngwedi) o a boifa"
die maan is bang
2. "lobelo lo ba remile dinao"
die spoed kap hulle voete
3. "le apotse kobo"
die veld trek die kombers uit
4. "la ikgasa bosetlha"
hy saai homself met vaalheid
5. "kobo ya batlhanka ke apere"
ek dra die kombers van die onderdane

B. Tenor teenwoordig

1. "lenaga la rona le lehumeng"
ons veld is on hongersnood.

5.13.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

5.13.3.1. Voorbeeld met vertaling

"le apotse kobo"

Letterlike vertaling: dit(die veld) trek die kombers uit

Vrye vertaling: die veld word kaal (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

le apotse	kobo
fokus	bolster

Die tenor "lenaga" is in die onderwerpsmorfeem "le" verskuil.

Die fokus is "le apotse en die bolster is "kobo".

B. Strukturele raamwerk

S	→	le	apotse		kobo
			werkwoord		naamwoord
			gesegde		voorwerp

C. TG raamwerk

S	→	V+N
	→	b+o

Bykomend tot die kategoriale seleksiekenmerke moet daar aandag gegee word aan die inherente kenmerke van die tenor en fokus as leksikale items.

"Veld" het [-menslike] eienskappe, terwyl "apotse" met 'n naamwoord as agent verbind wat [+menslik] is.

Die reëloorskryding binne die TGG het dus ten opsigte van die inherente eienskap menslik plaasgevind.

D. Semanties ondersteunende aspekte.

1. Stimulus

Die waarneming van die gras wat verdor, die blare wat val en die veld wat kaal word, stimuleer die digter om die verborge ooreenkomste tussen "lenaga" en "apotse" te soek (vergelyk p 23+24).

2. Parallelisme

Dit is in die middel van die winter. Die kaalheid van die veld maak dit vir die digter moontlik om 'n verborge eienskap waar te neem (vergelyk tabel 13 op p 156 en p 24+25).

3. Origo

Die origo van die fokus "apotse" is in die kultuur en lewensbeskouing geleë want dit is die verwydering van kultuurgoedere naamlik, klere (vergelyk p 25-27 en tabel 13 p 156).

4. Konteks

In die konteks van die gedig word die koue en vaalheid van die winter geskets.

5. Buitetaalse gegewens

In die droë, koue winter ryp die gras dood en die bome verloor hulle blare. Die buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks van die gedig geskets.

6. Situasia

Die beeldspraak word in die dampkring van die platteland geplaas. Die situasie word in die konteks van die gedig beskryf.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenis van die beeldspraak slaan op die vaalheid en gebrek gedurende die winter.

E. Funksie

Met die beeldspraak verduidelik die digter die voorkoms van die veld.

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van swak beeldspraak, omdat die parallelisme, buitetaalse gegewens en situasie eksplisiet in die konteks van die gedig herhaal en beskryf word.

5.13.3.2. Voorbeeld met vertaling

"Lenaga la rona le lehumeng!"

Letterlike vertaling: Ons veld is **in** hongersnood.


Vrye vertaling: Ons veld is arm/skraal.

A. Funksionele raamwerk

lenaga	la rona le	lehume -	ng
tenor	raam	fokus	raam

Die tenor is "lenaga" en die fokus in "lehumeng". Die res van die uiting is die raam. Alhoewel die fokus in 'n lokatiewe naamwoord=groep voorkom, vorm die lokatiewe morfeem 'n deel van die raam.

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

S → N+B+PN+B+N

→ N+BP+BP

→ an +q+c

→ NP + VP

→ a+b (vergelyk tabel 13 p 156)

Aanvullend tot die seleksiekenmerke moet aandag gegee word aan die inherente kenmerke. "Lenaga" is [-menslik] en "lehumeng" [+menslik]. Die reëloorskryding binne die TGG is op die menslike vlak.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die teneergedruktheid as gevolg van die winter stimuleer die digter om die beeldspraak te skep (vergelyk p 23+24 en tabel 13 p 156).

2. Parallelisme

Die digter maak van die waarneming van die vaalheid en kaalheid gebruik om beeldspraak te skep (vergelyk p 24-26 en tabel 13 p 156).

3. Die origo van die fokus is uit die vaalheid van die winter geneem.

4. Konteks

Die tenor word eksplisiet in die konteks van die gedig beskryf.

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks van die beeldspraak beskryf.

6. Situasië

Die sender is hartseer oor die voorkoms van die aarde. Sy skok word eksplisiet in die konteks van die gedig weergegee.

7. Begripstruktuur

In die winter is alles vaal en droog.

E. Funksie

Hierdie beeldspraak het verduideliking as primêre funksie en versiering as sekondêre funksie.

F. Evaluering

Hierdie beeldspraak is baie swak, omdat

- (i) die stimulus en parallelisme te nou verwant is;
- (ii) die konteks van die gedig die situasie en buitetaalse gegewens te eksplisiet skets;
- (iii) die parallelisme in die konteks van die gedig herhaal word;
- (iv) die beeldspraak versiering as belangrike sekondêre funksie het.

5.13.4. PROMINENTE KENMERKE

5.13.4.1. Tabulering van die beeldspraak in die gedig
Vergelyk tabel 13 opp 156.

5.13.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

In hierdie gedig is waarneming in 83,3% van die gevalle die stimulus van die beeldspraak (vergelyk tabel 13 p 156 en p 64).

2. Parallelisme

Die parallelisme van die verskillende vorme van beeldspraak is uit die volgende terreine geneem:

handeling	2	33,3%
waarneming	2	33,3%
eienskap	1	16,7%
emosie	1	16,7%

(vergelyk p 64 en tabel 13 p 156)

Die feit dat die parallelisme en stimulus in twee gevalle dieselfde is, beklemtoon die swakheid van die beeldspraak in die gedig.

3. Origo

Die origo van die fokus van die beeldspraak is uit die volgende terreine geneem:

emosie	1	16,7%
eienskap	1	16,7
kultuur en lewensbeskouing	3	50,0%
natuur	1	16,7% (vergeelyk p 25-27)

4. Konteks

Die konteks van die gedig verlaag die waarde van die beeldspraak (vergeelyk p 66).

5. Buitetaalse gegewens

Die winter verskaf die dekor vir die interpretasie van die beeldspraak.

6. Situasia

Die beeldspraak word te midde van die koue en die vaalheid van die winter gebruik. In hierdie gedig is dit baie moeilik om die buitetaalse gegewens en situasie van mekaar te skei omdat albei in die konteks van die gedig verweef is (vergeelyk p 66).

7. Begripstruktuur

Die beeldspraak het gebreke in die stimuli, parallelisme en konteks, daarom het dit nie 'n duidelike psigologiese betekenis nie (vergeelyk p 54 en 67).

B. Funksie

Die beeldspraak het in al die gevalle verduideliking as primêre- en versiering as sekondêre funksie.

C. Evaluering

In die lig van die bespreking in A en B is dit duidelik dat die beeldspraak in die gedig swak is. Dit is so verdeel:

redelik	1	16,7%
swak	4	66,7%
baie swak	1	16,7%

5.14.0. WAARDERING

"PULA" vind aanklank by die tradisionele reënpryslied. Beelde en beeldspraak is ook uit hierdie reënpryslied ontleen, maar dit word in 'n nuwe konteks gebruik. Die beeldspraak word nie saam met die reënoffer aangebied nie. Die digter besing hier 'n reënbui. Hierdie is die beste gedig in die groep en een van die goeies in die bundel. Die beeldspraak word hier breed uitgebrei, maar dit behou steeds die trefkrag. Die gedig bevat ook 'n aantal beelde wat nie meer beeldspraak is nie.

"AFERIKA", "LENAGA" en "MARIGA" bevat elk een voorbeeld van beeldspraak. Die beelde in hierdie gedigte word so breed uitgewerk dat dit geen figuurlike parallelisme bevat nie. Die voorbeelde van beeldspraak, wat daar is, is baie swak, omdat die parallelisme eksplisiet en byna letterlik is. Die uitsondering is die gesegde "Ka gasagasa matlho" wat in "LENAGA" voorkom. Buiten hierdie gesegde bevat "LENAGA" geen beeldspraak nie. Hierdie gedigte misluk op die semantiese vlak.

"LEFATSE LA BATŠWANA", "THAMALAKANE", "LEWATLE", "TAU", "SEBATA" "PHOLOGOLO YA ME" en "SEBOTHO" bevat nie beeldspraak nie. In sy poging om beeldspraak te skep, word die parallelisme so uitgebrei dat dit nie beeldspraak bevat nie. Hierdie gedigte misluk op die semantiese vlak. Die beelde wat daar is, word slegs vir versiering gebruik.

SEETEBOSIGO bevat ses voorbeelde van swak beeldspraak - die parallelisme is te eksplisiet. Nieteenstaande die gebreke is dit die tweede beste gedig in die groep.

Hoewel die digter deurgaans met rym eksperimenteer, het dit geen invloed op die gehalte van die gedigte nie (vergelyk PULA en TAU).

5.14.1. TABULERING VAN DIE EIENSKAPPE VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Vergelyk tabel 14 op p 160

5.14.2. Bespreking van die tabel

A. Funksionele en strukturele raamwerk

Die tenor is in 84% van die voorbeelde verskuil en in al die gevalle is dit 'n naamwoord.

Die fokus is in 61,5% van die voorbeelde 'n naamwoord (vergelyk p 80).

B. TG raamwerk

Die reëloorskryding binne die TGG is eweredig versprei oor die matrys (slegs lokatief het nie 'n rol gespeel nie) (vergelyk tabel 14 p160).

C. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimuli wat tot die vorming van beeldspraak lei is so versprei:

waarneming	7	53,8%
emosie	4	30,8%
eienskap	2	15,4%

Dit is duidelik dat waarneming die belangrikste stimulus van beeldspraak in hierdie groep is.

2. Parallelisme

Die parallelisme is eweredig tussen handeling (23,1%), eienskap (46,2%), waarneming (15,4%) en emosie (15,4%) versprei.

Die stimulus en parallelisme is dikwels in hierdie groep te nou verwant (vergelyk tabel 14 p 160 en p 80).

PSOMMING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE NATUURGEDIGTE												TABEL 14					
AFERIKA																	
%																	
FATSHI LA																	
BATSWANA																	
%																	
LENAGA																	
%																	
PULA																	
%																	
MARIGA																	
%																	
SETEBOSIGO																	
%																	
TOTAAL																	
%																	
84,6	11	83,3	5	100	1	100	3	100	1	100	1	100	1	100	1	verskuil	Tenor
15,4	2	16,7	1											100	1	teenwoordig	
100	13	100	6	100	1	100	3	100	1	100	1	100	1	100	1	[N]	
																[V]	
61,5	8	33,3	2	100	1	100	3			100	1	100	1	100	1	[N]	Fokus
38,5	5	66,7	4					100	1							[V]	
11,5	3	10,0	1	16,7	1					100	1					konkreet	Reëlvoorskryding binne TGC
3,8	1			16,7	1											temporeel	
7,7	2	10,0	1	16,7	1											stoflik	
11,5	3	20,0	2	16,7	1											voorwerp	
3,8	1			16,7	1											versameling	
7,7	2	10,0	1			20,0	1									lewend	
23,1	6	40,0	4					50,0	1			50,0	1			menslik	
7,7	2					40,0	2									dierlik	
23,1	6	10,0	1	16,7	1	40,0	2	50,0	1			50,0	1			ding	
																goddelik	
																lokatief	
53,8	7	83,3	5	100	1			100	1							waarneming	Stimulus
15,4	2									100	1	100	1			eienskap	
30,8	4	16,7	1			100	3									emosie	Parallel- isme
																handeling	
23,1	3	33,3	2			33,3	1									handeling	
46,2	6	16,7	1			66,7	2	100	1	100	1	100	1			eienskap	
15,4	2	33,3	2													waarneming	Origo
15,4	2	16,7	1	100	1											emosie	
46,2	6			100	1	100	3			100	1	100	1			natuur	
30,8	4	50,0	3					100	1							kultuur en	
15,4	2	33,3	2													lewensbeskouing	
7,7	1	16,7	1													emosie	
38,5	5					100	3	100	1	100	1					eienskap	Funksie
																konsentrering	
46,2	6	100	6											100	1	verryking	
15,4	2			100	1											verduideliking	
																versiering	Evaluering
																baie goed	
30,8	4					100	3	100	1							goed	
																redelik	
53,8	7	83,3	5	100	1					100	1					swak	
15,4	2	16,7	1									100	1			baie swak	

3. Origo

Die origo van die beeldspraak in die gedigte is s6 versprei:

natuur	6	46,2%
kultuur en lewensbeskouing	4	30,8%
emosie	2	15,4%
eienskap	1	7,7%

Dit is belangrik om daarop te let dat die beeldspraak wat emosie en eienskap as origo het van 'n swak gehalte is (vergelyk p 80).

4. Konteks

Met die uitsondering van 'PULA' het die konteks van die gedig 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak, omdat
(i) die stimulus en parallelisme te nou verwant is, en
(ii) die parallelisme in die konteks uitgebrei word
(vergelyk p 82).

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word (behalwe in 'PULA') eksplisiet in die konteks weergegee. Hiermee word die waarde van die beeldspraak verlaag (vergelyk p 81).

6. Situasië

Die situasie word eksplisiet in die konteks beskryf (behalwe 'PULA'), daarom verlaag dit die gehalte van die beeldspraak (vergelyk p 81).

7. Begripstruktuur

In die lig van die gebreke wat in punte 1 - 6 bespreek is, is dit duidelik dat die meeste van hierdie beeldspraak nie 'n psigologiese betekenisveld het nie (vergelyk p 82).

D. Funksie

Die funksie van die beeldspraak is so verdeel:

konsentrering	5	38,5% (hiervan het 'PULA' 3)
verduideliking	6	46,2%
versiering	2	15,4%

Met die uitsondering van 'PULA' het die beeldspraak versiering as 'n belangrike sekondêre funksie.

E. Evaluering

Die gehalte van die beeldspraak is soos volg:

goed	4	30,8%
swak	7	53,8%
baie swak	2	15,4%

Hierdie evaluering lyk nog swakker as daar in aanmerking geneem word dat drie van die goeie voorbeelde van beeldspraak uit 'PULA' kom en die ander een is 'n gesegde wat uit 'LENAGA' kom. 'LENAGA' het ook net daardie een voorbeeld van beeldspraak. 'PULA' is geskoei op die tradisionele reënliedere en kan daarom nie as 'n eksperimentele gedig beskou word nie.

Die waarde van die ander gedigte in hierdie groep lê daarin dat die digter met nuwe digvorme geëksperimenteer het. Hoewel hulle almal op die semantiese vlak misluk het, het hy tog die weg voorberei vir ander wat ná hom sou kom.

HOOFSTUK 6

6.0.0. GEDIGTE WAT OOR DIE EUROPESE OORLOË HANDEL

6.1.0. INLEIDING

Brittanje en sy bondgenote was in 'n oorlog met Duitsland en sy bondgenote betrokke. Die Britse kolonies en protektorate is daardeur in die oorlog betrek. Op hierdie wyse is die Batswana ook in die oorlog ingesleep.

Hierdie groep bestaan uit vier gedigte. In hierdie gedigte word die lief en leed van die Batswana in 'n vreemde oorlog beskryf.

'NTWA YA 1939-45', 'MOŠOLE' en 'MOTLHABANI' handel oor die oorlog, die gevegte en die ongevalle.

'KAGISO' handel oor die gevolge en die vrede.

6.2.0. NTWA YA 1939-45 / DIE OORLOG VAN 1939-45

6.2.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Dit is 'n beskrywing van die Tweede Wêreldoorlog uit die Batswana se oogpunt gesien. Die digter het nie self die oorlog meegemaak nie (Jahn et al. 1972:328-329).

Die geweld van die oorlog word in die konteks weergegee.

"Leruuruu la marumo le dikanono" ('n Geraas van koeëls en kanonne)

"Merafe ya etsa diphologolo" (Die volkere het gemaak soos wilde diere)

"A thuba matlo" (Hulle breek toe die huise)

"Batho ba aga mesimeng" (Die mense woon toe in die gate)

"La etsa dinare" (Julle het soos buffels gemaak).

Die gedig spreek van deernis teenoor die slagoffers van die oorlog.

Die eerste strofe handel oor die uitbreek van die oorlog.

Die tweede strofe beskryf die verspreiding van die oorlog oor die hele Europa.

Die derde strofe handel oor die geweld en wreedheid van die oorlog.

Die vierde strofe handel oor die aanval op die Nederlande.

In die vyfde strofe word die verspreiding van die oorlog oor die hele wêreld bespreek.

In die sesde strofe word die Egiptiese veldtog bespreek.

Die sewende strofe handel oor die Italiaanse veldtog.

In die agste strofe word die wending van die oorlog ten gunste van die geallieerdes beskryf.

Die laaste strofe handel oor die oorwinning.

6.2.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor teenwoordig

1. "Majeremane ba tšwa modutla wa kgetse"

Letterlike vertaling: Die Duitsers kom uit 'n lekkende sak
Vrye vertaling: Die Duitsers het meer geword
2. "di latlha mae"

hulle gooi eiers weg.

B. Tenor, mediator en fokus teenwoordig

1. "merafe ya etsa diphologolo sekgweng"

die volke het gemaak soos wilde diere in die bos
2. "Hitlara la mo gadika jaaka phane"

Dit het vir Hitler soos 'n geelhout=boom gebräai

C. Tenor afwesig

1. "nonyane tsa baba"

Letterlike vertaling: die voëls van die vyande
Vrye vertaling: vliegтуie van die vyande
2. "tladi ya tshosa ditšhaba"

Letterlike vertaling: die weerlig het toe die volke skrikgemaak
Vrye vertaling: die volke was bang vir die ontploffings

6.2.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

6.2.3.1. Voorbeeld met vertaling

"Majermane ba tšwa modutla wa kgetse."

Letterlike vertaling: Die Duitsers kom uit 'n lekkende sak.


Vrye vertaling: Die Duitsers het meer geword. (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

Majermane	ba tšwa	modutla	wa	kgetse
tenor	mediator	bolster	raam	fokus

Die tenor is "Majermane", die fokus is "kgetse" die mediator is "ba tšwa" en die bolster is "modutla".

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

S → N + VP -
 N+V+N+BP
 a+b+o+q
 a+b+o

Bykomend tot die kategoriale seleksiekenmerke moet daar ook aandag gegee word aan die inherente kenmerke van die tenor en fokus as leksikale items.

Die tenor "Majermane" het die volgende inherente kenmerke [-versameling], [+lewend], [+menslik] en [-ding]; die fokus "kgetse" daarenteë het [+versameling], [-lewend], [-menslik] en [+ding] as inherente eienskappe.

Die reëloorskryding binne die TGG word deur die volgende inherente kenmerke verteenwoordig: versameling, lewend, menslik en ding (vergelyk tabel 15 p 171).

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus wat tot die skepping van die beeldspraak lei, is aan die waarneming van die Duitsers en 'n sak ontleen.

2. Parallelisme

Om "Majermane" en "kgetse" met mekaar te verbind, moet die moontlikheid wat deur die stimulus geskep word, deur 'n parallelisme verwesenlik word. Die sender het die ooreenkoms in 'n handelings opgemerk (vergelyk p 24 en tabel 15 p 171).

3. Origo

Die origo van die fokus "kgetse" is opgesluit in die kultuur en lewensbeskouing van die mens (vergelyk tabel 15 p 171 en p 25-17).

4. Konteks

Die parallelisme "ba tšwa" word eksplisiet deur die konteks van die beeldspraak weergegee (vergelyk p 44).

5. Buitetaalse gegewens

Die beeldspraak kan slegs verstaan word as die ontvanger weet dat die Batswana in die Tweede Wêreldoorlog betrek was.

6. Situasië

Die gedig speel in die oorlog af, maar die oorlog word vanuit die Batswana se lewens-en wêreldbeskouing beskryf.

7. Begripstruktuur

Die versterking van die Duitsers het die sender gestimuleer om hulle met 'n lekkende sak (modutla wa kgetse) te vergelyk. Die parallelisme tussen die Duitsers en die sak is in die handeling geleë. Die eienskap van vermeerdering word deur die druppeling weergegee. Die water buite die sak word vinnig meer. Die sender maak dus van buitetaalse gegewens gebruik om die parallelisme te stig. Die psigologiese betekenis van dié voorbeeld van beeldspraak slaan op die skynbare onoorwinlikheid van die Duitse magte.

E. Funksie

Die beeldspraak het 'n konsentreringsfunksie, omdat al die eienskappe wat aan die Duitse soldate toegedig is, hierin gekonsentreer is.

F. Evaluering

Hierdie beeldspraak word as redelik geklassifiseer, omdat die konteks, buitetaalse gegewens en situasie te nou verwant is (vergelyk p 45).

6.2.3.2. Voorbeeld met vertaling

"Merafe ya etsa diphologolo sekgweng"

Letterlike vertaling: Die volke het gemaak soos die wilde diere in die bos.

A. Funksionele raamwerk

merafe	ya etsa	diphologolo	sekgweng
tenor	mediator	fokus	bolster

B. Strukturele raamwerk

merafe	ya etsa	diphologolo	sekgweng
naamwoord	werkwoord	naamwoord	naamwoord
onderwerp	gesegde	voorwerp	deskriptiewe bepaling

C. TG raamwerk

S	→	N + VP
	→	N + V + N + N
	→	a + b + o + l

Aanvullend tot die kategoriale seleksiekenmerke is hier ook sprake van die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale items. "Merafe" het die volgende inherente eienskappe [+menslik] en [-dierlik], terwyl "diphologolo" [-menslik] en [+dierlik] het. Die reëloorskryding binne die TGG word dus deur die inherente eienskappe menslik en dierlik weerspieël.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die skok oor die wreedhede van mense stimuleer die digter om die beeldspraak te skep. Skok is een van die menslike emosies (vergelyk p 23+24).

2. Parallelisme

Die parallelisme word eksplisiet deur die mediator "ya etsa" gegee. Die parallelisme word as 'n handeling geklassifiseer (vergelyk tabel 15 p 171 en p 24+25).

3. Origo

Wild is 'n deel van die natuur (vergelyk tabel 15 p 171 en p 25-27).

4. Konteks

Die mediator word eksplisiet in die konteks van die beeldspraak weergegee. Hierdie eksplisiete parallelisme het 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak.

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks van die gedig weergegee. Hierdie verskynsel het 'n negatiewe uitwerking op die gehalte van die beeldspraak (vergelyk p44 en 47).

6. Situasië

Die situasie word eksplisiet in die konteks van die gedig weergegee. Die gedig speel in die Tweede Wêreldoorlog af.

7. Begripstruktuur

Die wreedhede wat tydens die oorlog gepleeg is, word in hierdie beeldspraak gesuggereer.

E. Funksie

Hierdie voorbeeld van beeldspraak het 'n konsentreringsfunksie, omdat die dinge wat reeds gesê is, hier gekonsentreer word (vergelyk p 48 en tabel 15 p 171).

F. Evaluering

Hierdie beeldspraak word as redelik geklassifiseer, omdat die parallelisme eksplisiet in die konteks van die beeldspraak beskryf word.

6.2.3.3. Voorbeeld met vertaling

"nonyane tsa baba"


voëls van die vyande

A. Funksionele raamwerk

nonyane tsa baba
fokus bolster

Uit die konteks is dit duidelik dat die verskuilde tenor "vliegтуie" is.

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

NP → N + BP
→ an + q

Die matrys moet aanvullend tot die kategoriale seleksiereëls gebruik word. "Vliegтуie" het die volgende inherente kenmerke:

[-lewend], [-dierlik] en [+ding], terwyl "nonyane" [+lewend], [+dierlik] en [-ding] is. Hieruit kan afgelei word dat die

reëloorskryding binne die TGG in die verbinding van die tenor en fokus in die volgende inherente kenmerke vervat is:

lewend, dierlik en ding.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Om die tenor en die fokus met mekaar te verbind, is 'n stimulus nodig om hierdie verbinding moontlik te maak.

Uit 'n ondersoek van die konteks van die gedig is dit duidelik dat die stimulus 'n waarneming is (vergelyk tabel 15 p 171 , p 23;24 en 49).

2. Parallelisme

Die parallelisme wat die verbinding tussen die tenor en fokus moontlik maak, is in die handeling om te vlieg opgesluit (vergelyk tabel 15 p 171 en p 24+25).

3. Origo

Die origo van die fokus is in die natuur ontleen. Die vliegtuig word met 'n voël ('n deel van die geskape werklikheid) vergelyk (vergelyk tabel 15 p 171 en p 25-27).

4. Konteks

Die parallelisme word in die konteks van die gedig herhaal, hierdeur word die waarde van die beeldspraak verlaag.

5. Buitetaalse gegewens

Die Batswana het in die Tweede Wêreldoorlog betrokke geraak.

6. Situasia

Die Britte en hulle bondgenote (waaronder die Batswana) word deur die Duitsers gebombardeer.

7. Begripstruktuur

Die soldate verkeer in lewensgevaar as gevolg van die bombardement deur die Duitsers (vergelyk p 37-38).

E. Funksie

Die feite oor die wreedheid van die oorlog word in die beeldspraak verduidelik (kyk op p 44).

F. Evaluering

Hierdie beeldspraak kan hoogstens as redelik bestempel word, omdat die parallelisme in die konteks herhaal word (vergelyk tabel 15 p 171 en p 44+51).

6.2.4. PROMINENTE KENMERKE

6.2.4.1. Tabulering van die beeldspraak

Vergelyk tabel 15 p 171

6.2.4.2. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimuli van die beeldspraak in die gedig is s6 versprei:

waarneming	3	50,0%
emosie	2	33,3%
eienskap	1	16,7%

Die stimuli skep die behoefte by die sender om beeldspraak te vorm.

2. Parallelisme

Die parallelisme is daardie gesamentlike semantiese aspek wat tussen die tenor en fokus na vore tree om die beeldspraak te skep. In hierdie gedig is dit in al ses die voorbeelde 'n handeling.

3. Origo

Die natuur is die belangrikste origo van die fokus in hierdie gedig.

4. Konteks

Die parallelisme van die beeldspraak word deurgaans in die konteks van die gedig herhaal. Hierdie herhaling het 'n negatiewe invloed op die gehalte van die gedig (vergelyk p 53).

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks van die gedig herhaal. Dit het 'n negatiewe invloed op die gehalte van die beeldspraak (vergelyk p 53).

6. Situasia

Die situasia word in die konteks van die gedig geskets. Hierdeur word die gehalte van die beeldspraak verswak.

7. Begripstruktuur

Deur die probleme met die konteks, situasia en buitetaalse gegewens (soos in 4,5 en 6 bespreek) is die psigologiese betekenis van die beeldspraak in die gedig byna vernietig (vergelyk p 54).

Voorbeeld met vertaling	Denor en Fokus	Kort teks Situasie- Buitertaals- gegewens	Matrys									Reëlvoer= -kryding binne TGG	Stimulus	Parallelisme	Origo	Funksie	Evaluering	
			konkreet	temporeel	stoflik	voorwerp	versameling	lewend	menslik	dierlik	ding	goddelik	lokatief					
Majeremane ba tšwa mudutla wa kgetse (die Duitsers kua uit 'n lek-kende sak / die Duitsers het meer geword)	Majeremane		+	+	+	+	-	+	+	-	-	-	versameling lewend menslik ding	eienskap	handeling	kultuur en lewens beskouing	konsentrering	redelik
	kgetse		+	+	+	+	-	-	-	-	+	-						
merafe ya etsa diphologolo sekgweng (die volke het gemaak soos wilde diere in die bos)	merafe		+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik dierlik	emosie	handeling	natuur	konsentrering	redelik
	diphologol		+	+	+	-	-	+	+	-	-	-						
nonyane tsa taba (die voëls van die vyande / vliegtuie van die vyande)	verskuil	vliegtuig	+	+	+	+	-	-	-	-	+	-	lewend dierlik ding	waarneming	handeling	natuur	verduideliking	redelik
	nonyane		+	+	+	+	+	+	+	-	-	-						
di latlha mae (hulle gooi eiers weg)	verskuil	vliegtuig	+	+	+	+	-	-	-	-	+	-	lewend dierlik ding	waarneming	handeling	natuur	konsentrering	redelik
	mae		+	+	+	+	-	+	+	-	-	-						
tladi ya tshosa ditšhaba (die weerlig het toe die wolke skrikgemaak/ die volk skrik vir die ont-ploffings)	verskuil	vliegtuie	+	+	+	+	-	-	-	-	+	-	konkreet ding voorwerp	waarneming	handeling	natuur	konsentrering	redelik
	tladi		-	+	+	-	-	-	-	-	-	-						
Hitlara la mo gadika jaaka phane (Dit het vir Hitler soos 'n geelhoutboom gebraai)	Hitlara		+	+	+	-	-	+	+	-	-	-	menslik voorwerp ding	emosie	handeling	natuur	konsentrering	redelik
	phane		+	+	+	+	-	+	-	-	+	-						

E. Funksie

In 83,3% van die beeldspraak in hierdie gedig het dit konsen-
trering as primêre funksie, maar dit het versiering as 'n
belangrike sekondêre funksie.

F. Evaluering

In die lig van die besprekings in D en E is dit duidelik
dat die beeldspraak as redelik geëvalueer moet word (vergelyk
tabel 15 p 171).

6.3.0. MAŠOLE / SOLDATE

6.3.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig handel oor die Batswana wat aan die Tweede Wêreldoorlog
deelgeneem het. Die digter vergelyk die nuwe wapens met dié waaraan
hulle gewoon was.

Sy bewondering vir die soldate en hulle daade word in die konteks van die
gedig besing.

Lo bokwa	Julle word geprys/besing
Ba utlwa mokgosi wa Kgosi	Hulle het hulle koning se alarm gehoor
A dira jaaka manong	Hulle veg/maak soos aasvoëls (skeur stukkend)
A thiba ka diphuka	Hulle keer met die vlerke
Tawana di meno	Leeutjies het tande

Die eerste strofe handel oor die ontstaan van die oorlog.

Die tweede handel oor die heldedade en die gevegte teen Italianers.

Die gevegte word met behulp van tradisionele wapens en die vlerkklappe
van voëls beskryf.

Die derde strofe handel oor die toestande wat in Duitsland en Italië
geheers het.

Die vierde strofe handel oor die oorwinning van die geallieerde magte.

Hierdie is een van die swakker gedigte in die groep, omdat dit op
beide die semantiese en die strukturele vlak misluk. Die verse is
dikwels losstaande gedagtes wat nie behoorlik saamgesnoer is om strofes
te vorm nie.

6.3.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor, mediator en komparatief teenwoordig

"Mašole otlhe a rona a dira al ons soldate maak soos aasvoëls
jaaka manong"

B. Die tenor verskuil

"tawana di meno" die leeu+jies het tande

E. Funksie

In 83,3% van die beeldspraak in hierdie gedig het dit konsensivering as primêre funksie, maar dit het versiering as 'n belangrike sekondêre funksie.

F. Evaluering

In die lig van die besprekings in D en E is dit duidelik dat die beeldspraak as redelik geëvalueer moet word (vergelyk tabel 15 p 171).

6.3.0. MAŠOLE / SOLDATE

6.3.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Hierdie gedig handel oor die Batswana wat aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het. Die digter vergelyk die nuwe wapens met dié waaraan hulle gewoon was.

Sy bewondering vir die soldate en hulle dade word in die konteks van die gedig besing.

Lo bokwa	Julle word geprys/besing
Ba utlwa mokgosi wa Kgosi	Hulle het hulle koning se alarm gehoor
A dira jaaka manong	Hulle veg/maak soos aasvoëls (skeur stukkend)
A thiba ka diphuka	Hulle keer met die vlerke
Tawana di meno	Leeutjies het tande

Die eerste strofe handel oor die ontstaan van die oorlog.

Die tweede handel oor die heldedade en die gevegte teen Italianers.

Die gevegte word met behulp van tradisionele wapens en die vlerkklappe van voëls beskryf.

Die derde strofe handel oor die toestande wat in Duitsland en Italië geheers het.

Die vierde strofe handel oor die oorwinning van die geallieerde magte.

Hierdie is een van die swakker gedigte in die groep, omdat dit op beide die semantiese en die strukturele vlak misluk. Die verse is dikwels losstaande gedagtes wat nie behoorlik saamgesnoer is om strofes te vorm nie.

6.3.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor, mediator en komparatief teenwoordig

"Mašole otlhe a rona a dira al ons soldate maak soos aasvoëls jaaka manong"

B. Die tenor verskuil

"tawana di meno" die leeutjies het tande

6.3.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

6.3.3.1. Voorbeeld met vertaling


"Mašole otlhe a rona a dira jaaka manong"

Al ons soldatemaak/veg soos aasvoëls

A. Funksionele raamwerk

Mašole	otlhe	a	rona	a dira	jaaka	manong
tenor	raam	mediator	kompara=	tief	fokus	

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

S → N+PN+BP+V+BP
 an+q+q+b+ko
 NP+VP
 a+b

Bykomend tot die kategoriale seleksiekenmerke moet daar aandag gegee word aan die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale items. Die tenor "mašole" het die volgende inherente eienskappe: [+menslik] en [-dierlik] terwyl die fokus "manong" [-menslik] en [+dierlik] het. Die reëloorskryding binne die TGG het dus deur die inherente eienskappe menslik en dierlik plaasgevind.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die waarneming van die die soldate en aasvoëls stimuleer die digter om 'n verborge ooreenkoms te soek (vergelyk p 23-24 en tabel 16 p 177).

2. Parallelisme

Die soldate en die aasvoëls verteer iets waaraan hulle nie gewerk het nie. Daarom gebruik die digter die mediator "a dira" om hierdie handeling te beskryf (vergelyk p 24+25 en tabel 16 p 177).

3. Origo

Die origo van die fokus "manong" vorm 'n deel van die natuur (vergelyk p 25 - 27 en tabel 16 p 177).

4. Konteks

In die konteks van die beeldspraak word die parallelisme eksplisiet weergegee. Die beeldspraak word hierdeur duideliker maar dit verloor van sy suggestiewe waarde. Die gehalte van die beeldspraak word verder verlaag deur die uitbreiding van die parallelisme in die konteks van die gedig.

5. Buitetaalse gegewens

Al die buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks van die gedig herhaal. Hierdeur word die waarde van die beeldspraak ook verminder.

6. Situasië

Die oorlogstoestande word eksplisiet in die konteks van die gedig weergegee. Hierdeur word die waarde van die beeldspraak verlaag.

7. Begripstruktuur

Slegs die wreedheid van die soldate word beskryf. Die psigologiese betekenisveld het verlore geraak, omdat al die nodige gegewens eksplisiet in die konteks weergegee word.

E. Funksie

Hierdie beeldspraak het verduideliking as primêre- en versiering as belangrike sekondêre funksie.

F. Evaluering

Die waarde van hierdie beeldspraak word deur die konteks verminder, sodat dit hoogstens as swak geklassifiseer kan word (vergelyk 4,5, 6,7, en E hierbo).

6.3.3.2. Voorbeeld met vertaling.

"tawana di meno"


Letterlike vertaling: die leeutjies is tande

Vrye vertaling: die leeutjies het tande

A. Funksionele raamwerk

tawana	di	meno
tenor	raam	fokus

B. Strukturele raamwerk



C. TGG raamwerk

S	→	N + VP
	→	N + BP
	→	a + b

Aanvullend tot die sintaktiese seleksiereëls moet daarop gelet word dat "tawana" [-voorwerp] en "meno" [+voorwerp] as inherente eienskappe het. Die reëloorskryding binne die TGG het dus ten opsigte van voorwerp plaasgevind (vergelyk tabel 16 p 177).

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die waarneming van die gevaarlike wapens wat die soldate dra, herinner die digter aan die leeu se tande (vergelyk tabel 16 p 177).

2. Parallelisme

Die gemeenskaplike semantiese aspek wat die tenor "tawana" en die fokus "meno" met mekaar verbind is in die handeling "veg". Hierdie parallelisme word herhaaldelik in die konteks van die gedig herhaal.

3. Origo

Die origo van die tenor en die fokus is uit die natuur ontleen. Hierdeur word die waarde van die beeldspraak verminder.

4. Konteks

"Tawana" is reeds 'n voorbeeld van dooie beeldspraak, omdat dit altyd na soldate verwys. Die fokus "meno" kan na niks anders as wapens verwys nie. Verder word die parallelisme herhaaldelik in die konteks van die gedig herhaal.

5. Buitetaalse gegewens

Al die nodige buitetaalse gegewens word in die konteks van die gedig geskets.

6. Situasië

Die situasie word eksplisiet in die konteks van die gedig weergegee.

7. Begripstruktuur

Die beeldspraak maak nie op die kognitiewe vermoë van die mens 'n beroep nie, daarom het dit geen psigologiese betekenis nie.

E. Funksie

Die beeldspraak het verduideliking as primêre funksie, maar die versieringsfunksie is byna net so belangrik.

F. Waardering

Die beeldspraak word as baie swak bestempel, omdat:

- (i) die tenor en fokus te nou verwant is;
- (ii) die buitetaalse gegewens, situasie en parallelisme eksplisiet in die konteks geskets is;
- (iii) die beeldspraak versiering as 'n belangrike sekondêre funksie het.

6.3.4. PROMINENTE KENMERKE

6.3.4.1. Tabulering van die eienskappe van die beeldspraak in die gedig

Vergelyk tabel 16 p 177.

6.3.4.1. Bespreking van die tabel

A. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimulus van die beeldspraak is in albei die voorbeelde waarneming (vergelyk p 64 en tabel 16 p 177).

2. Parallelisme

In Handeling vorm die parallelisme. Die parallelisme word in die konteks van die gedig herhaal. Hierdeur word die waarde van die beeldspraak verminder (vergelyk tabel 16 p 177).

3. Origo

In albei die voorbeelde van beeldspraak is die origo van die fokus uit die natuur geneem (vergelyk tabel 16 p 177).

4. Konteks

Die waarde van die beeldspraak word deur die konteks vernietig omdat die parallelisme in albei gevalle in die konteks van die gedig herhaal word (vergelyk p 66).

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word eksplisiet in die konteks van die gedig geskets. Hierdeur word die waarde van die beeldspraak verlaag.

6. Situasië

Die situasie word eksplisiet in die konteks van die gedig geskets. Hierdie beskrywings verlaag die waarde van die beeldspraak.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenisveld van die beeldspraak word deur die konteks van die gedig vernietig.

B. Funksie

Albei die voorbeelde van beeldspraak het verduideliking as primêre- en versiering as sekondêre funksie.

C. Evaluering

Een van die twee voorbeelde van beeldspraak is swak, terwyl die ander baie swak is. Die grootste rede vir hierdie mislukking moet in die konteks van die gedig gesoek word (vergelyk A en B hierbo).

6.4.0. MOTLHABANI / SOLDAAT

6.4.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Uit die konteks van die gedig is dit duidelik dat die soldaat wat gesnuewel het, begrawe word. Die feit dat hy gesnuewel het, word deur die volgende toegelig:

Re baya setoto	Ons sit jou lyk neer
phupung	in die graf
o rotha le madi	(hy) drup bloed
ba ne ba lela	hulle het gehuil

Die gedig het nie 'n duidelike gedagtegang nie. Dit bestaan uit losstaande gedagtes, met die gevolg dat die gedig op die strukturele vlak misluk. Die gedig se psigologiese betekenis moet in die dood en leiding van die mens gesoek word.

Hierdie gedig bevat nie beeldspraak nie.

6.5.0. KAGISO / VREDE

6.5.1. INHOUD VAN DIE GEDIG

Die vrede word gesluit, terwyl die lande verwoes lê. 'n Gees van optimisme oor die koms van die ewige vrede en rus heers onder alle mense.

e khutlile	(die oorlog) is verby
ba phupung	hulle is in die graf
kagiso, lerato	vrede, liefde
puso ka morafe	die regering deur die volk

In die eerste strofe word die dood wat deur die oorlog veroorsaak word, beskryf.

Die tweede strofe handel oor die skepe en vliegtuie wat in die oorlog gebruik word.

In die derde strofe word 'n ideaal van vrede vir alle mense gestel.

6.5.2. BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

A. Tenor teenwoordig

"bano ba phupung go hierdie is in die graf om geïnisieer
rupa" te word

6.5.3. BESPREKING VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GEDIG

6.5.3.1. Voorbeeld met vertaling

"bano ba phupung go rupa"


Hulle is in die graf om geïnisieer te word (vergelyk p 33-34)

A. Funksionele raamwerk

bano	ba phupung	go rupa
tenor	raam	fokus

Uit die konteks van die beeldspraak is dit duidelik dat "bano" na die dooies verwys. Die tenor is dus dooies.

B. Strukturele raamwerk



C. TG raamwerk

S → N+V, +N+V₂
 → N+VP
 → a+b

Uit die konteks van die gedig is dit duidelik dat "bano" na dooie mense verwys. Aanvullend tot die skematiese voorstelling moet die inherente eienskappe van die tenor en fokus as leksikale items bestudeer word. "Bano" is in hierdie konteks [-lewend], terwyl "go rupa" net met 'n naamwoord wat [+lewend] is, verbind. Die seleksiereëloorskryding is dus in die inherente eienskap lewend vervat.

D. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die toestand waarin Europa na die oorlog verkeer het, het die digter gestimuleer om dooies en inisiasie met mekaar te verbind om beeldpraak te skep. Die stimulus van die beeldspraak is dus 'n eienskap.

2. Parallelisme

Die sender maak van die inisiasie handeling as parallelisme gebruik om die beeldspraak te skep.

3. Origo

Die origo van die tenor "go rupa" vorm 'n deel van die Batswana se kultuur en lewensbeskouing.

4. Konteks

In hierdie gedig eksperimenteer die digter met rym, maar hy het uit die oog verloor dat rym 'n bindingsmiddel is. Hy het ook dieselfde gedagte so dikwels in die konteks van die gedig herhaal, dat die beeldspraak eksplisiet word. Die reëloorskryding binne die TGG word deur die konteks van die gedig verswak.

5. Buitetaalse gegewens

Die sender sowel as die ontvanger, moet vertrouwd wees met die inisiasie seremonies om die beeldspraak te kan verstaan. Slegs lewende mense kan die inisiasie ondergaan, maar in hierdie gedig verwys "bano" na gesneuwelde soldate.

6. Situatie

Die feit dat alles deur die oorlog vernietig is, word eksplisiet deur die konteks van die gedig geskets.

7. Begripstruktuur

Die psigologiese betekenisveld slaan op die verwoesting wat deur die oorlog veroorsaak is. Waar die beeldspraak as sodanig misluk, dra die konteks van die gedig hierdie idee verder oor. "Bano" verwys na dooie soldate.

E. Funksie

Die feite wat vooraf gegee is, word in hierdie beeldspraak gekonsentreer, maar dit het versiering as 'n sekondêre funksie.

F. Evaluering

Hierdie is 'n voorbeeld van baie swak beeldspraak, omdat:

- (i) dit die gegewens wat reeds in die konteks van die gedig bespreek is, herhaal;
- (ii) versiering 'n belangrike funksie is.

6.6.0. BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Hierdie groep handel oor die Tweede Wêreldoorlog. Net 'NTWA YA 1939-45', 'MAŠOLE' en 'KAGISO' bevat beeldspraak, terwyl 'MOTLHABANI' nie beeldspraak bevat nie.

6.6.1. TABULERING VAN DIE EIENSKAPPE VAN DIE BEELDSPRAAK IN DIE GROEP

Vergelyk tabel 17 p 183

6.6.2. BESPREKING VAN DIE TABEL

A. Funksionele en strukturele raamwerk

Die tenor is in 44,4% van die gevalle verskuil en in 55,56% van die gevalle teenwoordig. Die tenor is in al die gevalle 'n naamwoord.

Die fokus is in 88,9% van die voorbeelde 'n naamwoord (vergelyk tabel 17 p 183).

B. TG raamwerk

Die reëloorskryding binne die TGG het ten opsigte van die volgende inherente kenmerke plaasgevind:

konkreet	1	4,5%
voorwerp	2	9,1%
versameling	1	4,5%
lewend	4	18,2%
menslik	4	18,2%
dierlik	4	18,2%
ding	6	27,3%

(vergelyk tabel 17 p 183).

C. Semanties ondersteunende aspekte

1. Stimulus

Die stimuli van die beeldspraak is so versprei:

[illegible]

waarneming	5	55,6%
emosie	2	22,2%
eienskap	2	22,2%

Dit is onmoontlik om hier te bepaal watter invloed die stimulus op die gehalte van die beeldspraak het, omdat 'n stimulus soos emosie in een geval tot redelike en in 'n ander geval tot baie swak beeldspraak lei (vergelyk tabel 17 p 183).

2. Parallelisme

In al die gevalle is die parallelisme van die beeldspraak in die groep 'n handeling (vergelyk tabel 17 p 183).

3. Origo

Die belangrikste origo van die fokus in die gedig is die natuur 77,8% en die kultuur en lewensbeskouing 22,2% (vergelyk tabel 17 p 183).

4. Konteks

In hierdie groep gedigte het die konteks 'n negatiewe uitwerking op die gehalte van die beeldspraak, omdat die parallelisme dikwels in die konteks van die gedig herhaal word (vergelyk p 81).

5. Buitetaalse gegewens

Die buitetaalse gegewens word dikwels in die konteks van die gedig geskets, daarom is die beeldspraak van 'n swakker gehalte (vergelyk p 81).

6. Situasië

Deurgaans word die situasie eksplisiet in die konteks van die gedig geskets (vergelyk p 81).

7. Begripstruktuur

In die lig van punte 2,3,4,5 en 6 hierbo, is dit duidelik dat die psigologiese betekenis van die beeldspraak in hierdie groep grootliks verlore gegaan het (vergelyk p 82).

D. Funksie

Die primêre funksie van die beeldspraak in die groep is so verdeel:

konsentrering	6	66,7%
verduideliking	3	33,3%

(vergelyk tabel 17 p 183 en p 82)

E. Evaluering

'NTWA YA 1939-45' is semanties op 'n hoër vlak, daarom bevat dit redelike beeldspraak. Dit is die beste gedig in die groep en een van die goeies in die bundel.

'MAŠOLE' misluk op die semantiese vlak, daarom is sy beeldspraak van 'n swak gehalte.

'MOTLHABANI' misluk op die semantiese vlak en bevat ook nie beeldspraak nie.

'KAGISO' misluk op die semantiese vlak, daarom is sy beeldspraak van 'n baie swak gehalte.

In die lig van bogenoemde gegewens kan afgelei word, dat beeldspraak nie noodsaaklik is vir poësie nie, maar dat dit die semantiese waarde daarvan verhoog.

'n Gedig wat op die semantiese vlak misluk, misluk in sy geheel.

Hierdie gedigte toon 'n groot ooreenkoms met die tradisionele prysliedere, maar dit verskil aansienlik daarvan ten opsigte van die tema.

Die digter het met hierdie gedigte die veld van sy bundel aansienlik verbreed en sodoende die weg gebaan vir andere om weg te beweeg van die temas van die tradisionele prysliedere (vergelyk tabel 17 p 183 en p 83).